Precept™

Voorskrif op Voorskrif

AFR20HL

# 1 Petrus

**Hoe om vas te staan as jy getoets word**

Verkry 'n innige kennis van God. Verander jou lewe.

Goeiedag!

Ons is so bly dat jy besluit het om God se Woord te bestudeer. Daar lê 'n opwindende tyd vir jou voor om te leer oor God, sy karakter, sy weë en die verhouding wat ons met Hom het. Ons is seker dat God se Woord vir jou die kennis en motivering sal bied om jou te help om reg te laat geskied aan jou roeping in Jesus Christus. Net so is ons ook seker dat jy persoonlik uitgedaag, aangemoedig en verander sal word deur die krag van sy bonatuurlike Woord.

Ons wil graag met jou in verbinding bly sodat ons jou kan vertel van die wonderlike dinge wat God deur Precept doen. Sal jy met ons in verbinding bly? Ons wil hoor hoe God jou aangeraak het deur die induktiewe studie van sy Woord.

Besoek ons *Precept Africa*-tuisblad by www.precept.org.za of vind ons op *Facebook* by *Precept Africa*.

Ter afsluiting wil ons jou bedank vir jou toewyding ten opsigte van die getroue bestudering van God se Woord en ***"Lê jou daarop toe om jou voor God te stel as iemand wat die toets deurstaan het, as 'n arbeider wat hom nie hoef te skaam nie, wat met die woord van die waarheid die reguit pad aandui"*** (2 Timoteus 2:15, *Die Bybel 2020-Afrikaanse Vertaling*). Ons deel 'n spesiale band met jou op grond van ons liefde vir God se Woord.

Ons sien uit daarna om van jou te hoor.

Die Precept-span

instagram.com/precept.sa/

facebook.com/precept.sa/

VOORSKRIF OP VOORSKRIF®

# 1 Petrus

## HOE OM VAS TE STAAN AS JY GETOETS WORD

This is a special Precept edition.
This work is a translation from the original Precept Upon Precept study,

1 PETER

HOW TO STAND FIRM WHEN TESTED
© 2019 Precept Ministries International.

VOORSKRIF OP VOORSKRIF®

Hierdie is 'n spesiale Precept-uitgawe, oorspronklik in Engels gepubliseer.

1 PETRUS
HOE OM VAS TE STAAN AS JY GETOETS WORD

1ste uitgawe © 2024 Precept South Africa

Precept, Precept Ministries International, Precept Ministries International: The Inductive Bible Study People, die Plumb Bob-ontwerp, Precept Upon Precept, In & Out, Sweeter than Chocolate!, Cookies on the Lower Shelf, Precepts For Life, Precepts From God's Word en Transform Student Ministries is handelsmerke van Precept Ministries International.

ALLE REGTE VOORBEHOU
Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel.
Gebruik met toestemming.

Tensy anders vermeld, is alle Bybelaanhalings uit Die Bybel, Afrikaanse 2020-vertaling: Hoofletteruitgawe (AFR20HL).
Gebruik met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

PRECEPT SOUTH AFRICA
Ringwoodrylaan 187 | Pinelands | 7405 | Suid-Afrika
www.precept.org.za | support@precept.org.za
Tel. +27 (0)21 531-1836

instagram.com/precept.sa/
facebook.com/precept.sa/

Gedruk in Suid-Afrika
Augustus 2024

Precept
SOUTH AFRICA

# INHOUD


| BLADSY | LES |
|---|---|
| 1 | LES EEN: Oorsig |
| 11 | LES TWEE: 1 Petrus 1 |
| 25 | LES DRIE: 1 Petrus 1 |
| 37 | LES VIER: 1 Petrus 21 |
| 47 | LES VYF: 1 Petrus 2 en 3 |
| 57 | LES SES: 1 Petrus 2 en 3 |
| 67 | LES SEWE: 1 Petrus 4 |
| 75 | LES AGT: 1 Petrus 5 |
| | BYLAAG |
| 88 | 1 Petrus-waarnemingswerkblaaie |
| 105 | Kaart |
| 107 | 1 Petrus-oorsigwerkblad |
| 109 | Lyding in 1 Petrus |
| 112 | Hoe om 'n hoofstukstudie te doen |
| 114 | Oor Precept |

## Nuttige studiehulpmiddels

ARTHUR, KAY; ARTHUR, DAVID; DE LACY, PETE
How to Study Your Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 1994/2010*

The New Inductive Study Bible – New American Standard Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 2000*

Griekse woordstudiehulpmiddels

## Aanbevole kommentare

GAEBELEIN, FRANK E.
The Expositor's Bible Commentary: Volume 12
*Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishers, 1982*

GRUDEM, WAYNE
Tyndale New Testament Commentary
*Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Company, 1988*

WALVOORD, JOHN F., ZUCK, ROY B., EDS.
The Bible Knowledge Commentary: An Exposition of the Scriptures —New Testament
*Wheaton, Illinois: Victor Books, 1983-c1985*

## Aanbevole sagteware

Logos Bybelsagteware
Kragtige soekenjins met tot 4 000 elektroniese Bybelstudiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelwoordeboeke, ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding – ideaal vir woord- en onderwerpstudies, gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste. Beskikbaar by www.logos.com.

*Precept South Africa*
*Ringwoodrylaan 187,*
*Pinelands, 7405, Suid-Afrika*



# LES EEN
# Oorsig

WAT HIERDIE LES INSLUIT

In die Bylaag:
Waarnemingswerkblaaie van 1 Petrus
Kaart
"1 Petrus-oorsigwerkblad"
Kruisverwysings

**Rome brand. Christene sterf.**

**Waarom ly hulle só? Waar is hulle God?**

**Hoe kan die Christene die vuur oorleef wat hulle geloof toets?**

**1 Petrus het destyds die antwoord gebied … en bied dit vandag nog.**

**Wat is 1 Petrus se boodskap wat oor geslagte heen tot mense se hart gespreek het? Wat maak dit 'n boek van lewende hoop vir mans en vroue van elke nasie, taal en ouderdom?**

**Ons doel is om die antwoorde op hierdie vrae te soek; dalk word 1 Petrus se boodskap vir ons ook 'n kosbare kleinood.**

## DAG EEN

Vandag se opdrag is eenvoudig dog noodsaaklik.

1. Die teks van 1 Petrus is in die Waarnemingswerkblaaie agter in die Bylaag van hierdie werkboek.

   Lees 1 Petrus. Sonder jou af, maak enige geraas stil en lees dit op een slag deur. Wy jou volle aandag aan 1 Petrus. Terwyl jy dit doen, vra God om met jou te praat, om die oë van jou begrip oop te maak sodat jy die wonders van sy Woord kan aanskou.

   Terwyl jy lees, soek die volgende:

   a. Wie het dit geskryf?

© 2023 Precept South Africa

b. Aan wie is dit geskryf?

c. Onderwerpe wat jou belangstelling prikkel

2. Lees 1 Petrus 1:1; 5:1, 12-13 met behulp van jou waarnemingswerkblaaie en skryf hier onder neer wat jy oor die skrywer wys word.

3. Bekyk nou die skrywer se oogmerk – die rede waarom hy skryf. Skryf hier onder neer wat 1 Petrus 5:12 sê waarom "Ek … kortliks aan julle geskryf [het] …"


© 2024 Precept South Africa

## DAG TWEE EN DAG DRIE

Kom ons kyk verder na 1 Petrus om ’n oorsig – ’n geheelbeeld – te kry.

1. Lees weer 1 Petrus en merk al die ontvangers wat genoem word, insluitend die voornaamwoord *julle*.

2. Maak ’n lys van hierdie brief se opmerkings oor die ontvangers op die bladsy aan die einde van hierdie les. Sluit die teksverwysings in. Moenie opdragte van die skrywer aan die ontvangers insluit nie.

   Gaan plekke se ligging op die kaart in die Bylaag na.

3. Terwyl jy inligting oor Petrus en die ontvangers bymekaar gemaak het, het jy waarskynlik leidrade oor die brief se geskiedkundige agtergrond en plasing raakgesien. Wat was byvoorbeeld besig om op hierdie tydstip in die geskiedenis met gelowiges te gebeur? Teken enige insigte hier onder aan.

## DAG VIER

1. Teen hierdie tyd het jy dalk al party herhalende woorde in die boek raakgelees. Ons noem dit “sleutelwoorde”.

   a. Dit sal help as jy ’n **Sleutelwoordboekmerk** maak. Knip die Sleutelwoordboekmerk op die agterblad van jou werkboek uit. Maak ’n lys van die sleutelwoorde wat jy gaan merk (sien hier onder) op die skoon kant en merk dit soos wat jy dit deurgaans in 1 Petrus gaan merk.

      Agterop jou werkboek is daar voorstelle hoe om party woorde wat dikwels in die Bybel voorkom te merk. ’n Asterisk [*] dui woorde met voorgestelde simbole aan.

   b. Lees 1 Petrus nou weer deur en merk die volgende woorde met ’n unieke simbool, kleur of kombinasie:

      1) *genade**

      2) *beproewings, lyding**

      3) *heerlikheid, heerlike, prag*

© 2024 Precept South Africa

2. Toe jy 1 Petrus gelees het, het jy enige ander sleutelwoorde raakgelees wat in die brief herhaal word? Indien wel, teken dit hier onder aan.

3. Soos jy gesien het, getuig Petrus in 1 Petrus 5:12 van God se ware genade en bemoedig hy sy lesers daarmee.

   Kyk na elke plek waar jy "genade" gemerk het en skryf hier onder neer wat jy daaruit leer.

4. In die Bylaag is die **1 Petrus-oorsigwerkblad.**

   a. Jy het nou gesien waarom Petrus hierdie brief geskryf het. Teken dit onder "Oogmerk" aan, saam met die teksverwysing waar jy dit gekry het.

   b. Vul die "Skrywer" in, asook die "Sleutelwoorde" wat jy gemerk het.


© 2024 Precept South Africa

c. Wanneer is 1 Petrus geskryf? Indien jy 'n *New Inductive Study Bible* het, sal jy 'n benaderde datum in 1 Petrus se inleiding vind. Jy kan ook 'n kommentaar raadpleeg, maar moenie in hierdie stadium verby die inleidende inligting lees nie. Ons wil hê jy moet die vreugde beleef om self die waarheid te ontdek!

d. Teken onder "Geskiedkundige plasing" aan wat jy oor die geskiedkundige plasing van 1 Petrus uitgevind het – die plasing of omstandighede waaronder Petrus aan die gelowiges skryf.

e. Neem in ag waarom Petrus die brief geskryf het en som die boek se tema op. Wat wil hy volgens 1 Petrus 5:12 hê moet sy lesers weet en doen? Skryf die "Boektema" op die Oorsigwerkblad neer met behulp van 'n paar woorde uit die teks.

f. Jy kan voorlopig hier ophou. Ons sal die werkblad bywerk namate ons 1 Petrus bestudeer.

*Hoe vaar jy? Lyk dit 'n bietjie moeilik om 1 Petrus bymekaar te sit? Byt vas. Dit raak makliker!*

5. Hoe het God tot jou hart gespreek toe jy 1 Petrus die afgelope vier dae gelees het? Skryf neer hoe die Gees van God met jou persoonlik gewerk het.

*Weet jy nou meer van 1 Petrus as toe jy met jou oorsig begin het?*

© 2024 Precept South Africa

DAG VYF

1. Toe jy die skrywer, Petrus, beskou het, het jy gesien dat hy ’n apostel van Jesus Christus en ’n getuie van Christus se lyding was. Kom ons kyk na ’n paar gedeeltes uit die Evangelies en Handelinge om meer oor Petrus uit te vind.

   a. Johannes 1:40-42; Markus 1:14-18

   b. Matteus 14:22-33

   c. Matteus 16:13-19

   d. Matteus 17:1-8

 © 2024 Precept South Africa

e. Matteus 26:69-75 (Dit was nadat Jesus gevange geneem is.)

f. Johannes 21:1-11, 15-19 (Dit was ná Jesus se opstanding.)

g. Handelinge 2:1, 14-24, 37-41 (Dit was ná Jesus se hemelvaart.)

2. Laastens kan jy gerus inleidende opmerkings uit kommentare oor 1 Petrus lees, maar moenie verder as die inleiding lees nie.

*Geliefde, ons is só bly oor jou vasberadenheid en dissipline om jou daarop toe te lê om jou voor God te stel as iemand wat die toets deurstaan het, wat met die woord van die waarheid die reguit pad aandui.*

*Moenie dat enigiets of enigiemand in jou pad staan nie. Jy het net sewe lesse oor; elkeen sal jou in staat stel om vas te staan in jou verlossing.*

*Ons bid jou ons Vader se rykste seën toe in jou honger en dors na geregtigheid.*

© 2024 Precept South Africa

© 2024 Precept South Africa

ONTVANGERS

© 2024 Precept South Africa

# BYLAAG

# 1 PETRUS 1

## Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema ____________________________________________

Petrus, 'n apostel van Jesus Christus,
aan die vreemdelinge van die Diaspora in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië
en Bitinië,
2 hulle wat uitverkies is volgens die voorkennis van God, die Vader, om deur
die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees, en met die bloed van
Jesus Christus besprinkel te word:
Mag genade en vrede in oorvloed aan julle geskenk word!

**3** Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat
ons in sy groot ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die
dood, opnuut verwek het, sodat ons 'n lewende hoop mag hê
4 op 'n erfenis wat nooit vergaan, besmet word of verwelk nie, en wat in die
hemel vir julle in bewaring gehou word –
5 ja, vir julle wat, deur julle geloof, deur die krag van God bewaar word vir die
verlossing wat gereed is om in die eindtyd geopenbaar te word.
6 Jubel hieroor, al moes julle onlangs vir 'n kort tydjie deur allerhande
beproewings bedroef word.
7 Die doel was dat dit duidelik sou blyk dat die egtheid van julle geloof – 'n
egtheid wat baie kosbaarder is as goud, wat verganklik is, maar nogtans
met vuur getoets word – uitloop op lof en heerlikheid en eer wanneer Jesus
Christus geopenbaar word.
8 Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie; en al sien julle Hom nie
nou nie, glo julle in Hom, en jubel julle met 'n onuitspreeklike en heerlike
blydskap,
9 omdat julle reeds deel het aan die doel van julle geloof, naamlik die verlossing
van julle siele.

© 2024 Precept South Africa

**10** Oor hierdie verlossing het die profete, wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, nagedink en navraag gedoen.
11 Hulle het probeer naspeur na watter persoon of na watter spesifieke tyd die Gees van Christus, wat in hulle was, verwys het toe Hy vooruit getuig het oor Christus se lyding, en die heerlikheid wat daarop sou volg.
12 Aan hulle is geopenbaar dat hulle, wat hierdie dinge betref, nie besig was om hulleself nie, maar júlle, te bedien. Hierdie dinge is nou aan julle meegedeel deur hulle wat die evangelie aan julle verkondig het, deur die Heilige Gees, wat van die hemel gestuur is. Selfs engele begeer om insig hierin te verkry.

**13** Daarom, omgord die lendene van julle verstand, en deur nugter op te tree, hoop volkome op die genade wat tydens die openbaring van Jesus Christus vir julle gebring sal word.
14 As gehoorsame kinders moet julle nie lewe in ooreenstemming met julle natuurlike begeertes van vroeër, toe julle nog sonder kennis was nie.
15 Inteendeel, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle in julle hele lewenswandel heilig wees.
16 Daarom staan daar geskryf: "Wees heilig, want Ek is heilig."


**17** En as julle Hom wat nie volgens die uiterlike oordeel nie, maar ooreenkomstig elkeen se optrede, wel as Vader aanroep, tree dan met ontsag op in die tyd van julle vreemdelingskap.
18 Julle weet tog dat julle nie met iets vergankliks, soos silwer of goud, losgekoop is uit julle sinlose leefwyse, wat deur julle voorvaders aan julle oorgelewer is nie,
19 maar dat julle losgekoop is met die kosbare bloed van Christus – Hy wat soos 'n lam is, vlekloos en sonder liggaamsgebrek.
20 Hy is wel vooraf geken, voor die grondlegging van die wêreld. Hy is egter eers in hierdie eindtyd geopenbaar, ter wille van julle
21 wat deur Hom glo in God, wat Hom uit die dood opgewek, en heerlikheid

 © 2024 Precept South Africa

aan Hom gegee het. Daarom is julle geloof en hoop op God gerig.

**22** Omdat julle julle innerlike, in gehoorsaamheid aan die waarheid, tot
ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar innig met rein
harte liefhê.
23 Julle is immers weer gebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit
onverganklike saad – deur die lewende en blywende woord van God.
24 Want:
Elke mens is soos gras,
en al sy prag soos 'n veldblom:
die gras verdroog
en die blom val af;
25 maar die woord van die Here
bly tot in ewigheid –
en dit is die evangeliewoord wat aan julle verkondig is.

© 2024 Precept South Africa


KONINKRYK VAN POLEMON
KAPPADÓCIË
ARABIË
SIRIË
Antiogië (Sirië)
Seleukië
Damaskus
FENISIË
Jerusalem
SILISIË
Tarsus
Sidon
Tirus
Ptolemaïs
Caesarea
SAMARIA
JUDEA
GALASIË
LIKAONIË
Ikonium
Derbe
Listra
Salamis
CIPRUS
Swartsee
BITINIË EN PONTUS
(TURKYE)
Antiogië (Pisidië)
PISÍDIË
PAMFILIË
Perge
Attalië
Pafos
EGIPTE
ETHIOPIË
FRIGIË
LISIË
Patara
Middellandse (Groot) See
Aleksandrië
SAMOTRAKE
MISIË
LIDIË
ASIË
Kolosse
Efese
Milete
Tiatira
Assos
Troas
RODOS
THRACIË
Neapolis
Filippi
Mitilene
SAMOS
CHIOS
PATMOS
KOS
KRETA
Lasea
Mooi Hawens
Egeïese See
Athene
MACEDONIË
Amfipolis
Appolonië
Thessalonika
Berea
AGAJE (GRIEKELAND)
Korinthe
Kenchreë
Sirene
LIBIË
ILLIRIKUM
Adriatiese See
ITALIË
Rome
SISILIË
MALTA
Groot Sirtis
100 MYL

# 1 PETRUS-OORSIGWERKBLAD

**Boektema:** ______________________________

Skrywer:

Datum:

Doel:

Sleutelwoorde:

Geskiedkundige plasing:

**Hoofstuktemas**

| |
|---|
| 1 |
| 2 |
| 3 |
| 4 |
| 5 |

© 2024 Precept South Africa

LYDING IN 1 PETRUS

© 2024 Precept South Africa

## HOE OM 'N HOOFSTUKSTUDIE TE DOEN
### KOM ONS BEGIN!

*'n **Hoofstukstudie** help ons om te fokus op die detail in die hoofstuk om beter te verstaan wat die skrywer sê. Elke vaardigheid word gebruik om belangrike punte te beklemtoon.*

- **LEES MET 'N DOEL**

Almal van ons het al 'n hoofstuk in die Bybel gelees, die Bybel toegemaak, en toe besef dat ons glad nie weet wat ons so pas gelees het nie . . . omdat ons doelloos gelees het.

Om met 'n doel te lees ondersoek ons die teks met die 5 W- en H-vrae — *Wie, Wat, Waar, Wanneer, Waarom* en *Hoe*. Byvoorbeeld, as ons Johannes hoofstuk 1 lees, vra ons vrae soos:

- Oor ***wie*** handel hierdie gedeelte?
- ***Wanneer***?
- ***Waar*** was die Woord?
- ***Wie*** is die Woord?
- ***Wat*** het die Woord gedoen?

Elke hoofstuk of vers sal nie al 5 W- en H-vrae oor 'n bepaalde onderwerp of persoon beantwoord nie, maar jy moet die vrae deurgaans in jou gedagtes vra terwyl jy die teks lees.

- **MERK SLEUTELWOORDE EN -FRASES**

*Die merk van sleutelwoorde en -frases en die opstel van lyste help om die 5 W- en H-vrae te beantwoord.*

SLEUTELWOORDE is belangrike en herhalende woorde in die teks wat ons in staat stel om die teks te verstaan. Merk sleutelwoorde en -frases in die hoofstuk op 'n onderskeidende manier, tesame met voornaamwoorde en sinonieme wat daarna verwys. Gebruik kleure en/of simbole.

Byvoorbeeld: ***Woord*** is 'n woord wat herhaal word wat *onontbeerlik* is vir die verstaan van Johannes hoofstuk 1.

- **LYSTE**

Die volgende stap is om lyste op te stel oor wat die hoofstuk oor elke sleutelwoord sê. Kyk op elke plek waar jy 'n sleutelwoord gemerk het en stel 'n lys op oor wat jy leer. Die gemerkte woorde is 'n eenvoudige visuele leidraad oor wat die teks sê.

'n LYS is 'n samestelling van feite oor 'n bepaalde woord of persoon. Dit verskaf die antwoorde op die 5 W- en H-vrae (wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe) oor daardie woord of persoon. Gebruik die woorde in die teks.

'n Lys oor die ***Woord*** uit Johannes 1 kan as volg begin:

- *was in die begin, v. 1*
- *was by God, v. 1*
- *was God, v. 1*
- *was in die begin by God, v. 2*


© 2024 Precept South Africa

- **MERK EN EVALUEER**

KONTRASTE — sake wat van mekaar verskil en in die konteks teenoorgesteldes is.
Om 'n kontras te merk plaas so 'n simbool in die kantlyn by die vers(e): .

Johannes 1:17: "*Want die **wet** is deur Moses gegee; (maar) die **genade** en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.*"

Let op na woorde wat as leidrade kan dien, soos *maar* en *nogtans.*

Johannes 4:2: "*Hoewel Jesus self nie gedoop het nie, **maar** sy dissipels …*"

VERGELYKINGS — verwys na ooreenstemmende sake in die teks. Om 'n vergelyking aan te dui plaas 'n simbool in die kantlyn regoor die vers(e), so: . Let op na die woord *soos . . .*

Johannes 1:14: "*… en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid **soos** dié van die unieke Seun van die Vader …*"

**GEVOLGTREKKING / RESULTAAT / REDE** — dui gevolgtrekking, opsomming of resultaat só aan: .

Let op na woorde soos *daarom, dus, gevolglik, want, omdat, om hierdie rede* ens.

Johannes 1:7: "*Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, **sodat** almal deur hom kon glo.*"

UITDRUKKINGS VAN TYD — dui tyd, opeenvolging van gebeure of progressie aan. Plaas 'n sirkel in die kantlyn, . Let op na woorde soos *toe, daarna, wanneer, totdat, die dag van …, in die sterfjaar van.*

Johannes 1:2: "*Hy was **in die begin** by God.*"

- **IDENTIFISEER ONDERWERPE OF TEMAS**

Identifiseer hoofonderwerpe, gebeure of feite in die hoofstuk deur dit paragraaf vir paragraaf te evalueer. Die Waarnemingswerkblaaie wat voorsien word, is in paragrawe ingedeel (volgens die *New American Standard Bible* se indelings). Die begin van 'n paragraaf word aangedui deur 'n donkergedrukte teksversnommer. In ander vertalings word paragrawe soms deur 'n paragraafsimbool of 'n inkeping aan die begin van die paragraaf aangedui.

Lees elke paragraaf en skryf in die kantlyn die gebeurtenis, onderwerp of hooffeit van die paragraaf.

Johannes 1:6-8:
**6** *Daar was 'n man, gestuur deur God, wie se naam Johannes was.*
Johannes getuig van die Lig
7 *Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom kon glo.*
8 *Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.*

Om meer te leer oor hoe om 'n hoofstukstudie te doen, sowel as ander induktiewe studievaardighede, wil ons jou aanmoedig om 'n kopie van die boek *The New How To Study Your Bible* aan te skaf. Bestel die boek deur +27 (021) 531-1836 te skakel, vind dit aanlyn by shop.precept.org.za of besoek Precept South Africa by Ringwoodrylaan 187, Pinelands, 7405, Suid-Afrika.

© 2024 Precept South Africa

## OOR PRECEPT

Precept is in 1970 gestig in Chattanooga, Tennessee. Ons missie is om mense te betrek by ʼn verhouding met God deurdat hulle sy Woord leer ken. Deur die vervulling van ons missie hoop ons om Christene van alle ouderdomme en van verskillende plekke met die lewensveranderende waarheid van God se Woord te bereik. Precept publiseer Bybelstudiewerkboeke en lei Bybelstudieleiers op om studente soos jy te help om God se waarheid self te ontdek en om daardeur getransformeer te word.

Ons bid dat, wanneer mense God se Woord bestudeer en leer ken, hulle Jesus Christus persoonlik sal leer ken en dat elke daad – elke dag – deur hul verhouding met Hom gevorm sal word. Met meer as 250 unieke titels van wisselende formaat het Precept ʼn Bybelstudie wat net vir jou geskik is. Dit is tans beskikbaar in 80 tale en word in nagenoeg 185 lande gebruik.

## ANTWOORD OP DIE ROEPSTEM

Noudat jy die Woord bestudeer, en biddend daaroor nagedink het, vra jouself af of daar iets nuuts is vir jou om te glo of te doen. Of het dit jou beweeg om jou lewe te verander? Dit is een van die baie verstommende en bonatuurlike gevolge van ʼn volgehoue studie van sy lewensveranderende Woord – dat God met ons praat.

By Precept South Africa glo ons dat ons God hoor spreek het oor ons aandeel in die Groot Opdrag. Hy het ons in sy Woord beveel om dissipels van mense te maak deur hulle te leer hoe om sy Woord te bestudeer.

As jy ons passie, om mense in God se Woord te vestig, met ons deel nooi ons jou om by ons aan te sluit! Sal jy dit biddend oorweeg om ʼn maandelikse bydrae tot die bediening te maak? Om dit te doen, kan jy die bedrag waarop jy besluit het, elektronies oorbetaal aan precept.org.za/get-involved/support-us, of die bedrag direk oorplaas na ons bankrekening. Stuur ʼn e-pos na support@precept.org.za vir meer inligting.

PRECEPT MINISTRIES
Standard Bank, Rondebosch Tak
Rekeningnommer: 078 203 716
Verwysing: ATC én jou naam.

Bid asseblief met die oog op hoe die Here jou sal lei om dié roepstem te hoor.

## KOOP MET ʼN PLAN

Wanneer jy boeke, studies en oudiomateriaal nodig het, koop dit asseblief by Precept by shop.precept.org.za. Ons besef dat jy sommige van genoemde artikels goedkoper by gewone kleinhandelaars kan kry, maar wanneer jy deur ons koop, word die opbrengs gebruik vir die ondersteuning van ons werk, soos om:

- meer studies in ander tale te vertaal,
- ons werk in Suid-Afrika en dwarsdeur Afrika te ondersteun,
- leraars en Bybelstudieleiers in Suid-Afrika en die res van Afrika op te lei,
- mense van alle ouderdomme toe te rus met lewensveranderende Bybelstudievaardighede.

Wanneer jy deur Precept koop, help jy om ander mense in God se Woord te vestig!


© 2024 Precept South Africa